## BERGRIVIER MUNISIPALITEIT / MUNICIPALITY

**VISIE:**
**Bergrivier: 'n vooruitstrewende gemeenskap waar almal wil leef, werk, leer en speel op 'n menswaardige manier.**

**VISION:**
**Bergrivier: a prosperous community where all want to live, work, learn and play in a dignified manner.**

**KERN WAARDES / CORE VALUES**

**We are all part of Bergrivier Municipality.**
**We render good services to ensure dignified living to all.**
**We are unashamedly pro-poor.**
**We believe in close innovative partnerships.**
**We believe in social and economic development of our area.**
**We care about our work and our colleagues.**
**We are disciplined.**
**We believe in good relationships.**
**We serve with pride.**

---

**45% WATERBEPERKINGS \ 45% WATER RESTRICTIONS \ 45% UKUTSHATHWA KWAMANZI**



***Gebruik water spaarsaam. Elke druppel tel.***
***Use water sparingly. Every drop counts.***
***Ukusetyenziswa kwamanzi ngokukhawuleza, Wonke amanqaku okulahla.***

---

# NOTULE VAN DIE RAADSVERGADERING GEHOU OP DINSDAG 28 AUGUSTUS 2018 OM 14:00 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE KANTORE, KERKSTRAAT, PIKETBERG

**TEENWOORDIG**

**LEDE VAN DIE VIERDE MUNISIPALE RAAD**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. A de Vries | [DA] | : | Speaker |
| Rdh. RM van Rooy | [DA] | : | Uitvoerende Burgemeester |
| Rdd. SM Crafford | [DA] | | Uitvoerende Onderburgemeester |
| Rdl. MA Wessels | [DA] | | |
| Rdl. AJ du Plooy | [DA] | | |
| Rdl. J Daniels | [DA] | | |
| Rdl. A Small (Me) | [DA] | | |
| Rdl. JC Botha | [DA] | | |
| Rdl. SS Lesch (Me) | [ANC] | | |
| Rdh. J Swart | [ANC] | | |
| Rdd. SIJ Smit | [ANC] | | |
| Rdh. SR Claassen | [ANC] | | |
| Rdl. BJ Claasen | [ANC] | | |

**AMPTENARE**

| | | |
|---|---|---|
| Mnr. JWA Kotzee | : | Munisipale Bestuurder – waarnemend |
| Mnr. GJ Goliath | : | Direkteur Finansiële Dienste |
| Mnr. H Kröhn | : | Direkteur Tegniese Dienste |
| Mnr. DA Josephus | : | Direkteur Gemeenskapsdienste |
| Mnr. W Wagener | : | Bestuurder: Beplanning en Omgewingsbestuur |
| Mev. A van Sittert | : | Bestuurder: Strategiese Dienste |
| Mev. JS Erasmus | : | Interne Ouditeur |
| Mnr. NJ Scheepers | : | Hoof: Sekretariaat en Rekordbestuur |
| Me. S Willemse | : | Klerk: Komitees |

***

AKSIE

**RVN001/08/2018**
**OPENING EN VERWELKOMING**

Raadslid Lesch open die vergadering met 'n dagteks en gebed, waarna die Speaker almal by die vergadering verwelkom.

‘n Spesiale woord van verwelkoming word gerig aan die afvaardiging van Agrisell wat 'n promosie video maak van die dorpe in die Bergrivier Munisipale gebied.

***

**RVN002/08/2018**
**AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID**
**3/3/1/4**

Munisipale Bestuurder – siekverlof

***

**RVN003/08/2018**
**VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 1 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)**
**3/3/1/6**

Alle Raadslede en Amptenare teenwoordig verklaar individueel dat hul geen persoonlike belange met betrekking tot die items op die agenda het nie.

***

**RVN004/08/2018**
**BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULE VAN SPESIALE VERGADERING GEHOU OP VRYDAG 20 JULIE 2018**
**3/3/2/2**

Dat die notule van die Spesiale Raadsvergadering gehou op Vrydag 20 Julie 2018 bekragtig word.

***KLERK: KOMITEES (S WILLEMSE)***

***

**RVN005/08/2018**
**BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULE VAN VORIGE VERGADERING GEHOU OP DINSDAG 31 JULIE 2018**
**3/3/2/2**

Dat die notule van die Gewone Raadsvergadering gehou op Dinsdag 31 Julie 2018 bekragtig word.

***KLERK: KOMITEES (S WILLEMSE)***

***

**RVN006/08/2018**
**IMPLEMENTERINGSVERSLAG VIR RAADSBESLUITE: TERUGVOERING VANAF MUNISIPALE BESTUURDER EN DIREKSIE RAKENDE DIE RAADSBESLUITE GENEEM TYDENS DIE SPESIALE RAADSVERGADERING SOOS GEHOU OP VRYDAG 20 JULIE 2018**
**3/3/2/2**

Die waarnemende Munisipale Bestuurder gee mondelings terugvoer met betrekking tot die verslag oor die besluite van die Spesiale Raadsvergadering wat gehou is op Vrydag 20 Julie 2018.

**KENNIS GENEEM**

***

**RVN007/08/2018**
**IMPLEMENTERINGSVERSLAG VIR RAADSBESLUITE: TERUGVOERING VANAF MUNISIPALE BESTUURDER EN DIREKSIE RAKENDE DIE RAADSBESLUITE GENEEM TYDENS DIE RAADSVERGADERING SOOS GEHOU OP DINSDAG 31 JULIE 2018**
**3/3/2/2**

Die waarnemende Munisipale Bestuurder gee mondelings terugvoer met betrekking tot die verslag oor die besluite van die Raadsvergadering wat gehou is op Dinsdag 31 Julie 2018.

**KENNIS GENEEM**

***

**RVN008/08/2018**
**SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE**
**3/3/1/5**

Geen

***

**RVN009/08/2018**
**VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE SPEAKER EN MUNISIPALE BESTUURDER**
**3/3/1/6**

Die Speaker doen die volgende mededelings:

**LIEF**

- Dat die Direkteur Finansiële Dienste verjaar het op Sondag 19 Augustus 2018;
- Dat die Direkteur Tegniese Dienste verjaar op Maandag 03 September 2018; en
- Dat Raadslid du Plooy verjaar op Woensdag 12 September 2018.

**LEED**

- Dat Me. A Pedro, wat werksaam is in die Tegniese Departement se suster op Donderdag 15 Augustus 2018 oorlede is; en
- Dat Mnr. Johan Neethling, wat voorheen werksaam was as konsultant, in die Menslike Hulpbrondienste afdeling, oorlede is op Dinsdag 07 Augustus 2018.

('n Oomblik van stilte word staande gewy ter nagedagtenis aan die oorledenes.)

***

**RVN010/08/2018**
**ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS**
**3/3/1/5**

Geen

***

**RVN011/08/2018**
**MOSIES / VRAE**
**3/3/1/1, 3/3/1/2**

Geen

***

**RVN012/08/2018**
**EERSTE DRINGENDE SAAK VANAF DIE SPEAKER EN WAARNEMENDE MUNISIPALE BESTUURDER: AANSTELLING VAN DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE / CFO VIR BERGRIVIER MUNISIPALITEIT**
**15/1/5/9**
***('n Verslag word ter tafel gelê – Bylae A)***

Die waarnemende Munisipale Bestuurder lei die item in en lig die Raad in dat die Direkteur Finansiële Dienste bedank het.

**Die onderstaande besluit is eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

1. Dat die Raad kennis neem van die bedanking van die Direkteur Finansiële Dienste/Hoof: Finansiële Beampte (CFO) en die onmiddellike vulling van die vakature goedkeur;

2. Dat die Raad die samestelling van die onderstaande aanstellingspaneel goedkeur:

   2.1 Die Munisipale Bestuurder, Adv. Hanlie Linde;

   2.2 Lid van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee verantwoordelik vir die funksie (Finansies) Raadsdame Sandra Crafford;

   2.3 'n Eksterne persoon met relevante kennis en vaardighede (expertise), na konsultasie met die Uitvoerende Burgmeesters-komitee en die Portefeulje Voorsitter vir Finansies, het die Munisipale Bestuurder die huidige Direkteur van Finansies van Swartland Munisipaliteit, Mnr Mark Bolton, versoek om as kundige op die aanstellingspaneel te dien;

   2.4 Die Uitvoerende Burgemeester *ex-officio* deel uitmaak van die aanstellingspaneel (observerend);

   2.5 Dat Raadsdame Sanette Smit (Komiteelid van Finansies) genooi word om observerend deel te neem aan die proses; en

   2.6 Dat beide die amptelike vakbonde verteenwoordig in Bergrivier Munisipaliteit naamlik SAMWU en IMATU genooi word om een verteenwoordiger elk te benoem om observerend deel te neem aan die proses.

***DIREKTEUR KORPORATIEWE DIENSTE***

***

**RVN013/08/2018**
**TWEEDE DRINGENDE SAAK VANAF DIE SPEAKER EN WAARNEMENDE MUNISIPALE BESTUURDER: REVIEW OF PERFORMANCE AND AUDIT COMMITTEE CHARTER FOR THE 2018/2019 FINANCIAL YEAR**
**12/2/2/21**
***('n Verslag word ter tafel gelê – Bylae B)***

Die Interne Ouditeur lei die item in en gee agtergrond met betrekking tot die item onder bespreking.

Verskeie insette/kommentaar word gelewer.

**The undermentioned resolution was taken unanimously by Council**

**RESOLUTION**

That Council approves the Performance and Audit Committee Charter.

***INTERNAL AUDITOR***

***

**RVN014/08/2018**
**DERDE DRINGENDE SAAK VANAF DIE SPEAKER EN WAARNEMENDE MUNISIPALE BESTUURDER: DIENSVERSKAFFER: HERWINNINGSKONTRAK: VELDDRIF (HENQUE 3105 CC)**
**15/1/5/9**
***('n Verslag word ter tafel gelê – Bylae C)***

Raadslid Wessels gee mondelings terugvoer rakende die aangeleentheid en verwys na die uitslag vanaf die Suid-Afrikaanse Menseregte Kommissie, asook 'n skrywe vanaf Henque 3105 CC wat hy per e-pos ontvang het vanaf die Munisipale Bestuurder op Woensdag 15 Augustus 2018.

**Die onderstaande besluit is eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

1. Dat die Raad kennis neem van die terugvoering oor die aangeleentheid; en
2. Dat die Raad volstaan by die Raadsbesluit (RVN011/06/2018), soos geneem op Dinsdag 26 Junie 2018.

***DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE***

***

**RVN015/08/2018**
**VERVREEMDING VAN MUNISIPALE EIENDOM: 'N GEDEELTE VAN WABOOMSTRAAT RESTANT ERF 950 PIKETBERG (PB. 950)**
**7/2/3/1**

Raadslid Daniels lei die item in, waarna hy die aanbeveling aan die Raad voorlees.

**Die onderstaande besluit is eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

Dat die terughawe/vervreemding van 'n gedeelte van Waboomstraat **nie toegestaan word nie,** omrede die gedeelte straat steeds benodig word deur hierdie munisipaliteit ten einde 'n draaisirkel te bou vir effektiewe dienslewering.

***DIREKTEUR KORPORATIEWE DIENSTE***

***

**RVN016/08/2018**
**VERHURING VAN MUNISIPALE EIENDOM: ERF 1091, VELDDRIF (V.1091)**
**7/1/3/2**

Raadslid Daniels lei die item in en hou die aanbevelings voor vir oorweging deur die Raad.

Raadsheer Swart spreek sy kommer uit rakende die vervreemding van munisipale grond.

Verdere insette/kommentaar word gelewer.

**Die onderstaande besluit is eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

1. Dat die Munisipaliteit in terme van die MFMA, nie die perseel vir munisipale doeleindes benodig nie;
2. Dat die Munisipaliteit se voorneme om die kliniekgebou op Erf 1091, Velddrif (gedeelte van Erf 482, Velddrif) aan Aan Oewer Dienssentrum te verhuur, adverteer word vir 14 dae en besware ontvang oorweeg word;

***DIREKTEUR KORPORATIEWE DIENSTE***

2.1 Indien geen besware ontvang word nie, dat die huurooreenkoms met Aan Oewer Dienssentrum ten opsigte van Erf 1091, Velddrif (gedeelte van Erf 482, Velddrif) vanaf 1 Oktober 2018 hernu word, vir 'n tydperk van 3 jaar teen R1 (BTW ing.) per jaar, gebaseer op dieselfde voorwaardes en bepalings as wat voorheen van toepassing was; en

3. Dat verdere alternatiewe/ondersoeke geloods word ten opsigte van toekomstige vervreemding van Erf 1091, Velddrif (gedeelte van Erf 482, Velddrif) voordat die huurtermyn van 3 jaar verval, vir bespreking by die Korporatiewe Dienste Komitee vergadering.

***DIREKTEUR KORPORATIEWE DIENSTE***

***

**RVN017/08/2018**
**VERHURING VAN MUNISIPALE EIENDOM: ERF 1099, VELDDRIF EN GEDEELTE 68 VAN PLAAS VELDDRIF NO. 110, AFDELING PIKETBERG (V.1099 & 110/68, PB)**
**7/2/3/2**

Raadslid Daniels lei die item in en lees die aanbevelings voor aan die Raad vir oorweging.

Verskeie insette/kommentaar word gelewer deur die Raad.

**Die onderstaande besluit is eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

1. Dat die Munisipaliteit in terme van die MFMA, nie die persele vir munisipale doeleindes benodig nie;
2. Dat die Munisipaliteit se voorneme om Erf 1099, Velddrif en 'n gedeelte (ongeveer 3.75 ha groot) van Gedeelte 68 van Plaas Velddrif No. 110, Afdeling Piketberg aan FDSA Velddrif soos aangedui op Bylae B te verhuur, adverteer word vir 14 dae en besware oorweeg word; en

***DIREKTEUR KORPORATIEWE DIENSTE***

2.1 Indien geen besware ontvang word nie, dat die huurooreenkoms met FDSA ten opsigte van Erf 1099, Velddrif en 'n gedeelte (ongeveer 3.75 ha groot) van Gedeelte 68 van Plaas Velddrif No.

110, Afdeling Piketberg vanaf 1 Oktober 2018 hernu word, vir 'n tydperk van 3 jaar teen R100 (BTW ing.) per jaar, gebaseer op dieselfde voorwaardes en bepalings.

***

**RVN018/08/2018**
**KANSELLASIE VAN KOOPOOREENKOMS EN TERUG TRANSPORTEER VAN ERF 1822, PIKETBERG (PB. 1822)**
**7/2/2/1**

Raadslid Daniels lei die item in, waarna hy die aanbevelings voorlees aan die Raad vir oorweging.

**Die onderstaande besluit is eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

1. Dat die koopooreenkoms van Erf 1822 Piketberg gekanselleer word en toestemming verleen word, dat Erf 1822, Piketberg, terug transporteer word aan Bergrivier Munisipaliteit onderhewig aan die volgende voorwaarde:

   1.1 Mnr. RN Rhodes verantwoordelik sal wees vir die oordragkoste; en

2. Dat die koopsom waarteen die eiendom verkoop was aan Mnr. RN Rhodes terugbetaal word.

***DIREKTEUR KORPORATIEWE DIENSTE***

***

**RVN019/08/2018**
**MUNISIPALE EIENDOM: ERWE 4472 EN 4474 PIKETBERG (PB.4472 & 4474)**
**7/2/3/1**

Raadslid Daniels lei die item in en gee breedvoerig agtergrond met betrekking tot die item onder bespreking.

Verskeie insette/kommentaar word gelewer deur die Raadslede.

**Die onderstaande besluit is eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

1. Dat die Raad kennis neem van die inhoud van hierdie verslag;
2. Dat Erf 4472, Piketberg ***terugverwys word*** vir verdere ondersoeke deur die Beplanning en Omgewingsbestuur-afdeling;
3. Dat na afhandeling van punt 2, 'n opgedateerde verslag met betrekking tot Erf 4472, Piketberg voorgelê word aan die Korporatiewe Dienste Komitee, waarna dit aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee/Raad voorgelê sal word vir oorweging/besluitneming;
4. Dat Erf 4474, Piketberg:-
   (a) nie benodig word vir minimum vlak dienslewering nie;
   (b) die eiendom per tender vervreem kan word teen 'n billike waarde, naamlik R 2 220 000 (BTW ingesluit) soos bereken aan die hand van Munisipale Waardasie en beraamde uitgawes wat met verkoop gepaard kan gaan;

***DIREKTEUR KORPORATIEWE DIENSTE***

(c) geklassifiseer word as nie-bedryfsbates gehou vir verkoop en dat indien die perseel nie suksesvol per tender vervreem kan word nie, dit vir die tydsduur van die 2018/19 finansiële jaar deurlopend bemark kan word ooreenkomstig die Nywerheidsone 2 sonering daarvan; en

(d) munisipale dienste wat benodig mag word weens die voorgestelde gebruik op Erf 4474, Piketberg, sal vir die rekening van die ontwikkelaar en/of koper(s) wees. Daarbenewens sal die koper(s) / ontwikkelaar verantwoordelik wees vir die voorsiening en opgradering van alle dienste infrastruktuur wat benodig word as gevolg van addisionele las wat deur die voorgestelde gebruik gemaak ontstaan, soos onderhandel en ooreengekom tussen die ontwikkelaar en die Munisipaliteit se Direktoraat: Tegniese Dienste deur middel van 'n dienstevlakooreenkoms ("Service Level Agreement") (SLA).

***

**RVN020/08/2018**
**<u>MONTHLY BUDGET STATEMENT: JUNE 2018</u>**
**5/1/B, 5/1/1**

**<u>The undermentioned resolution was taken unanimously by Council</u>**

**<u>RESOLUTION</u>**

That Council notes the monthly budget statement and supporting documentation for June 2018.

***DIRECTOR FINANCIAL SERVICES***

***

**RVN021/08/2018**
**<u>SUBMISSION OF TOP LEVEL SERVICE DELIVERY BUDGET IMPLEMENTATION PLAN (SDBIP) FOR 2018/19 FINANCIAL YEAR</u>**
**15/1/5/5**

The Manager: Strategic Services gave a brief background to the item under discussion.

**<u>The undermentioned resolution was taken unanimously by Council</u>**

**<u>RESOLUTION</u>**

That Council note the final Top Level SDBIP as approved by the Acting Executive Mayor for the 2018/19 financial year.

***MANAGER STRATEGIC SERVICES***

***

**RVN022/08/2018**
**<u>BESLUITE VIR KENNISNAME INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID VAN UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING: DINSDAG 26 JUNIE 2018</u>**
**3/2/1/3**

**<u>Die onderstaande besluit is eenparig deur die Raad aanvaar</u>**

**<u>BESLUIT</u>**

Dat die Raad kennis neem van die besluite van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee se vergadering wat gehou is op Dinsdag 26 Junie 2018.

***

**RVN023/08/2018**
**IN-KOMITEE: AANBEVELING VAN SPESIALE KOMITEE: RAADSLID BJ CLAASEN**
**3/2/1/3**
***(Die verslag word in die vergadering versprei – Bylae D)***

Raadslid BJ Claasen het die vergadering verlaat na afloop van die oop agenda items.

Die Speaker versoek dat Raadslid Daniels die verslag aan die Raad voorlê vir oorweging, waarna die betrokke Raadslid bondig agtergrond gee.

Voorts lees Raadslid Daniels (Voorsitter Spesiale Komitee) die aanbeveling voor aan die Raad vir oorweging, waarna die Speaker bykomende kommentaar lewer oor die proses wat gevolg is en toepaslike klousules voorlees uit die Gedragskode vir Raadslede.

Op versoek van Raadslid Wessels staan die Speaker 'n koukus geleentheid toe, waarna die vergadering verdaag om 15:15 en hervat om 15:20.

Na die koukus geleentheid verleen die Speaker toestemming dat beide Raadslid Wessels en Raadsheer SR Claassen onttrek aan die bespreking van die Raad.
Die redes hiervoor is dat Raadslid Wessels opgetree het as getuie tydens die ondersoek en Raadsheer SR Claassen vanweë persoonlike redes betreffende Raadslid BJ Claasen (beweerde verbale viktimisasie).

Verder reël die Speaker dat die voorgestelde sanksie in die verslag deur die Raad bespreek en oorweeg moet word.

Op voorstel van Raadslid Daniels en gesekondeer deur Raadsdame Crafford word die aanbeveling vanaf die Spesiale Komitee aanvaar deur die meerderheid van die raadslede.
Die ANC-koukus versoek dat 'n alternatiewe ligter sanksie toegepas word.

Getal stemme vir die sanksie, soos vervat in die verslag: 6.
Getal stemme teen die sanksie, soos vervat in die verslag: 3.

***(Elektroniese notule van die verrigtinge is beskikbaar op CD)***

**Die onderstaande besluit is met 'n meerderheidstem deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

Dat die Raad volstaan by die sanksie, soos vervat in die verslag, vir oorweging deur die Provinsiale Minister van Plaaslike Regering vir finale besluit.

***MUNISIPALE BESTUURDER***

***

**RVN024/08/2018**
**IN-KOMITEE: BESLUITE INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID EN ITEMS WAARVAN KENNIS GENEEM IS, TER INLIGTING VAN DIE RAAD**
**3/2/1/3**

Geen

***

***DIE VERGADERING VERDAAG OM 15:35***

***

*HIERMEE BEVESTIG EK DIE ONDERGETEKENDE DAT HIERDIE NOTULE SOOS BEKRAGTIG 'N WARE WEERGAWE IS VAN DIE VERRIGTINGE*

| | |
|---|---|
| ________________ | ________________ |
| ***VOORSITTER (SPEAKER)*** | ***DATUM*** |

***